

Cucumis humifructus



- E: aardvark cucumber
 - A: aard-/erdvarkkomkommer
 - D: Erdferkelgurke
 - B: pammburu
- (kon geen Hereronaam opspoor nie)

Die plant met die eienaardige naam is 'n eenjarige komkommerplant, soos ons dit ken; dit lyk so, dit gedra so, slegs die vrugvorming is absoluut buitengewoon.



Waar die blaar uit die rank groei, verskyn daar 'n aantal geel blommetjies: 8 tot 12 manlike blommetjies "skaar" om een vroulike blom. As die vroulike blom bestuif is, begin die blomsteeltjie groei, buig af grond toe, druk deur die grondkorsie en groei 15 tot 30 cm




diep in die grond. Dan eers begin die vrug vorm, diep onder in die grond sonder lig en lug. Die gedeeltes bo sorg "naelstring" waaraan

groen vir die voeding wat deur die die vrug ontwikkel weer afgelei word na die vrug toe.



Die plant vertoon as 'n groot rankplant. As elke vroulike bloeisel bevrug is, sit onder aan die ranke so elke 10-15 cm 'n vrug, dws een rank van 150 cm lengte het tussen 10 en 15 vrugte. En een plant het seker meer ranke as net een of twee.

Die vrugte is eetbaar, proe effens bitter, nie baie lekker nie. Binne-in is 'n deursigtige jel,



waarin die pitte sit. Daar is nie juis vesel in die vrugvleis nie. Boesmans in die Kalahari eet dit vir die vog, maar net as hulle nie waterwortels kan opspoor nie.

En natuurlik die aardvark vreet die vrugte, en soos tot nou toe bekend is, **slegs die aardvark**, geen ander dier nie. Blykbaar verskaf die komkommer die nodige vog en voedingstowwe, wat dit benodig maar nie uit insekkos kan kry nie.



Blykbaar breek aardvarke die dop oop (dit is ongeveer so hard soos 'n litchidop, net ietwat taaier,) en vreet die jel daaruit (sonder die dop). Dikwels kry ek by plekke, waar die aardvark komkommers uitgegrawe het in die sandhoop wat agter die grawende aardvark opgehoop het, in die nuwe seisoen jong plantjies wat daar opkom. Die jong plante kom uit die aardvark se ontlasting op, waarin die onverteerde pit sit. Die pit wag vir die volgende reënseisoen, klaar geplant, bemes en veilig in die grond. Die plant (foto) op die sandhoop voor die erdvarkgat is nog jonk, die ranke beginne

eers groei.



Daar word beweer dat die plant amper uitgesterf het. Dit is nie so nie in ons area nie; hier bv. is redelik baie plante in die veld, veral in goeie reënjare. Daar is nie baie navorsing beskikbaar nie, omdat: (my eie spekulasies): as jy die plant sien, is daar nie vrugte sigbaar nie. As jy die vrugte kry, is daar nie meer plantgedeeltes oor nie. Die twee goed wat bymekaarhoort, word nooit bymekaar gesien nie.

Die vrug is ongeveer so groot soos 'n krieketbal en wit van kleur, moontlik, omdat dit in die donkerte ontwikkel (dink aan diepdiepsee-kreature of wesens wat in donker grotte lewe, hulle is wit)

Die vraag ontstaan, of die komkommer die aardvark nodig het om suksesvol te kan voortplant; ek dink nie so nie, omdat ek al 'n kol jong plante bymekaar gesien het (hulle was 19 →, sien foto links), wat uit die grond opgeklim het, sonder dat daar enige tekens van aardvarkgrawings was (dit was op die mielieland). En as in hierdie geval die ploeg die dop oopgebreek het, het ek by 'n ander vrug gesien, hoe die dop (van 'n vrug wat ek in 'n oop mandjie saam met ander droë veldvrugte in die huis gehou het), na twee jaar!! 'n vrot kol ontwikkel en daar begin oopgaan het om uiteindelik die sade “vry te laat”.



ek

Wat wel as feit bly bestaan is, dat die aardvark verantwoordelik is vir die verspreiding van *Cucumis humifructus*.

Die groot vraag is: Kom *Cucumis humifructus* in areas voor, waar daar nie erdvarke voorkom nie?

Inderdaad 'n baie interessante plant, wat vir ons die kreatiwiteit in die natuur opnuut duidelik uitwys.



Gate waar vrugte was



vroulike en manlike blom



vars vrugte

Inligtingsbronne:

Gemsbok bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

pza.sanbi.org/sites/default/files/info_library/aardvark.pdf

Eie navorsing in die veld (tussen Desember 2012 en 2019)

Fotos: Anka Eichhoff

update Maart 2019